# Deel 1 Die Vrug van die Gees!

**Gal 5:22-23** **LIEFDE!** **Dins. 1 Sept. 2020**

**<u>Lees</u> 1 Joh 4:7-21 (8,16)** **Gal 5:22**

"Die vrug van die Gees, daarteenoor, is liefde,…"

Ons het gister begin met oordenkings oor; **Die vrug van die Gees!** Dit was 'n inleiding. Vandag begin ons met die eerste eienskap naamlik die liefde. Oor die liefde is daar seker al die meeste in die literatuur geskryf vanaf die vroegste jare. Wat is liefde? Natuurlik kyk ons altyd eers wat die Skrif ons leer oor liefde. Dan lees ons in **<u>1 Joh 4:8</u>** "Wie nie liefhet nie, het geen kennis van God nie, want God is liefde."

**<u>1 Joh 4:16</u>** "En ons ken die liefde wat God vir ons het, en ons glo daarin. God is liefde; wie in die liefde bly, bly in God en God bly in hom."

Wat beteken die woordjie liefde wat ons so maklik gebruik of selfs verkeerdelik gebruik en verstaan? Die oorsprong van liefde is God self. **God is liefde**. Liefde behoort a.g.v. die oorsprong tot die heiligheid van God. Moet daarom nie met liefde of die woordjie liefde mors nie. In ons Teksverse het ons; die FONDAMENT, die BRON, die GRONDSLAG, die WARE BETEKENIS van wat LIEFDE IS.

- **God is die Bron, die Fontein van Liefde!**

**<u>GOD IS LIEFDE!</u>** Hier word liefde as 'n S.nw. gebruik. M.a.w. God is liefde. Dit wys vir ons dat liefde nie sommer... 'n gevoel, 'n saak, 'n verbygaande saak, 'n emosionele saak alleen is nie. **MAAR die Lewende Verbondsgod IS liefde. * God is Agape! * God is Liefde!**

**Hoe weet ons dit?** God sê dit, openbaar dit self! God openbaar dit deur die Bybel! Die Heilige Gees getuig dit in ons harte! Prakties, hoe weet ons dat God liefde is? Hy is ons Hemelse Vader. Hy versorg ons. Hy gee aan ons alles wat ons nodig het. Ons sien dit in die skepping.

**<u>Die karakterisering of praktiese betekenis van liefde in ons lewens vind ons in 1 Kor 13:1-13.</u>** In hierdie gedeelte vind ons sekerlik die beste voorbeeld van wat liefde is wat ons as mense moet uitleef. Want hierdie deel van die vrug van die Gees is die belangrikste waaruit alles voortvloei. Jy kan alles in die lewe reg doen volgens 1 Kor 13:1-3, maar as jy dit nie doen uit liefde nie, baat dit jou niks, het dit geen waarde nie.

Dan is daar die werklike eienskappe van liefde wat prakties in ons lewens tot uiting moet kom lees ons vanaf **<u>1 Kor 13:4-9</u>** "4) Die liefde is geduldig, die liefde is vriendelik; dit is nie afgunstig nie, is nie grootpraterig nie, is nie verwaand nie. 5 Dit handel nie onwelvoeglik nie, soek nie sy eie belang nie, is nie liggeraak nie, hou nie boek van die kwaad nie. 6 Dit verbly hom nie oor onreg nie, maar verheug hom oor die waarheid. 7 Dit bedek alles, glo alles, hoop alles, verdra alles."

Dan lees ons dat baie van die dinge wat ons in die geloof as so belangrik beskou sal vergaan, **<u>1 Kor 13:10-12</u>**. Dit is dinge soos profesië, ongewone tale of klanke, kennis ens. Maar wat sal bestaan tot in ewigheid, is die liefde.

Koester daarom die liefde in jou lewe. Koester die liefde wat God vir jou het in en deur Jesus Christus. Koester die werking van die Heilige Gees en leef uit en deur die Heilige Gees se werking in jou. Koester jou geliefdes in die lewe. Wees vir almal goed, vriend of vyand. Die liefde is blywend en ewig. **God is liefde.**

**Amen** (ds. Gerrit Kruger. 0829645595)